higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N5

(5140225)

9 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag DRIE bronne gebruik, 'n woordeboek ingesluit.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

043Q1B2209

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Staaf jou antwoord deur die onderstreepte woorde te verander.

1.1 Kommunikasie kan as 'n eenrigtingproses gedefinieer word.

1.2 Die sender moet terugvoering verskaf.

1.3 Die sender kan ook die respondent genoem word.

1.4 Enkodering is die inligting wat oorgedra moet word.

1.5 Die kanaal is die manier waarop die boodskap vanaf die ontvanger na die ontvanger gestuur word.

1.6 Daar is ses kategorieë van kommunikasie.

1.7 Ekstrapersoonlike kommunikasie is kommunikasie met jouself.

1.8 Massakommunikasie is wanneer 'n mense byvoorbeeld met 'n plant praat.

1.9 Intrapersoonlike kommunikasie is kommunikasie tussen twee mense.

1.10 Wanneer kommunikasie tussen 'n sender en 'n groot groep mense plaasvind, byvoorbeeld as 'n mens met jouself praat, word dit massakommunikasie genoem.

1.11 Verbale kommunikasie is wanneer iemand tekens gebruik om met iemand te praat.

1.12 Mondelinge kommunikasie is 'n voorbeeld van nieverbale kommunikasie.

1.13 Geskrewe kommunikasie kan slegs direk wees.

1.14 80% van kommunikasie in die werkplek is verbaal.

1.15 Die idioom is: Voorbeelde wek maar woorde trek.

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die betekenis van die volgende woorde of gee 'n sinoniem van die woord.

2.1.1 Kruispad

2.1.2 Hardkoppig

2.1.3 Hanteer

2.1.4 Narsissisme

2.1.5 Onderhandeling

(5 × 2) (10)

2.2 Gee die antonieme van die volgende woorde:

2.2.1 Kinders

2.2.2 Onmoontlik

2.2.3 Normaal

2.2.4 Kalm

2.2.5 Slegste

(5 × 1) (5)

2.3 Woorde het TWEE tipes betekenis, 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis. Verduidelik die figuurlike betekenis van die volgende woorde:

2.3.1 Grense

2.3.2 Klokreël

2.3.3 Impulsief

2.3.4 Liggeraak

2.3.5 Geveg

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.4 Verduidelik die letterlike betekenis van die volgende woorde:

2.4.1 Oplossings

2.4.2 Ontwikkeling

2.4.3 Omgewing

2.4.4 Keuses

2.4.5 Bemagtig

(5 × 1) (5)

2.5 Herskryf die volgende direkte sinne as indirekte sinne.

2.5.1 ' 'n Redelike hoeveelheid narsissisme is normaal by ontwikkelende kinders,' sê Dr. Birgit.

2.5.2 'Daar is 'n tyd en plek vir alles,' verduidelik Dr. Schlegel.

2.5.3 ' 'n Mens kan begin deur gemeenskaplikhede te bepaal,' sê Dr. Schlegel.

2.5.4 'Ek is honger,' het Louis gesê.

2.5.5 'Hulle gaan by 'n VOO-kollege studeer,' het die lektor gesê.

(5 × 2) (10)

2.6 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.6.1 Die meubels in die huis is baie (oud/out).

2.6.2 Die ou (skêr/sker) wat ek het, is stomp.

2.6.3 Ekonomie is 'n komplekse (vak/fak).

2.6.4 Elke mededinger moet 'n (inskrywingsvorm/inskreiwingsvorm) voltooi.

2.6.5 (Alby/Albei) van ons het die storie bevestig.

(5 × 1) (5)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 3

3.1 Die meeste briewe in die sakewêreld kan as navrae geklassifiseer word.

Skryf 'n navraag aan Dr. Birgit Schlegel. Sy werk by Grootte Schuur-hospitaal, Hoofweg 44, Kaapstad, 8000. Jy werk by Zello-skool in Johannesburg. Jy sukkel om dissipline in jou Graad 1-klas te handhaaf.

Vra VIER spesifieke vrae oor hoe om 'n hardkoppige kind te dissiplineer. Jy moet 'n briefhoof vir jou skool verskaf. (25)

3.2 Dr. Birgit Schlegel het op jou navraag geantwoord. Sy het voorgestel dat sy julle skool te besoek om met die ouers oor dissipline te gesels. Die hoof het hiertoe ingestem en het jou gevra om die funksie te reël.

Ontwerp 'n vertoonadvertensie vir hierdie funksie. Die datum, tyd, plek en tipe funksie is jou eie keuse. (15)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D

VRAAG 4

4.1 Lees die gedig hier onder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Wandeling

Die dag, die bleek handskudder
is buite by die venster
Ek is nie bang vir hom!
Maar kyk sy lelike gesig!
Vanoggend gaan ek in my tuintjie stap
Ek en my basterbrak
Ek gaan ’n roos pluk vir my huis
Ek gaan die grond omhark
Ek is nie bang vir jou nie!
Ek gaan nie aan jou dink nie
Ek het jou niks gemaak nie
Die seerkry in jou ogies?
Dit is jou eie skuld!
Ek is nie bang vir jou nie!
Jy ruk my uit my slaap
net elke nuwe oggend
wat voor my venster gaap
Het jy dan geen ordentlikheid?
Jy kom net soos die lig

Kopiereg voorbehou

en blits jou seergemaakte oog
hier al in my gesig!
Ek sou my skaam!

Ja, ek was ook 'n kind
die son my rooi albaster
o wie het hom van my gewen
op watter baan, waar is die plek ...

Kom brakkie, jy bly agter!

Ingrid Jonker

4.1.1	Wie is die digter van hierdie gedig?		(2)
4.1.2	Haal DRIE voorbeelde van vergelyking uit die gedig aan.	(3 × 2)	(6)
4.1.3	Wat is die funksie van herhaling?		(1)
4.1.4	Haal 'n voorbeeld van herhaling uit die gedig aan.	(2 × 2)	(4)
4.1.5	Gee sinonieme vir elk van die volgende woorde: 4.1.5.1 Bleek 4.1.5.2 Bang 4.1.5.3 Lelike 4.1.5.4 Stap 4.1.5.5 Omhark 4.1.5.6 Niks 4.1.5.7 Ruk	(7 × 1)	(7)

Kopiereg voorbehou

4.2 Lees die artikel deur Rose Cohen hier onder, wat aangepas is uit Mediclinic family, winter 2017, en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hoe om met jou kind te onderhandel en te wen

Elke ouer het hom-/haarself al by 'n kruispad bevind – in 'n geveg met die wil van 'n hardkoppige kind. Hoe kan ouers hierdie hardkoppigheid hanteer sonder om slegs korttermynoplossings te bereik?

Vyf ouerlike onderhandelingstaktieke wat werk

Maak dit toepaslik vir die ouderdom
Dit is feitlik onmoontlik om met baie jong kinders te onderhandel terwyl hul begrip van ander se gevoelens steeds ontwikkel. ' 'n Redelike hoeveelheid narsissisme is normaal by ontwikkelende kinders,' sê Dr. Birgit. Sy beveel aan dat klein kinders as 'n vorm van onderhandeling eerder keuses gebied word. Dit is 'n goeie manier om kinders te laat voel dat hulle in situasies bemagtig word.

Indien nodig, stel uit of skram weg
Onderhandelinge moet altyd in 'n kalm omgewing en op die regte tyd plaasvind. Dit is nie 'n goeie idee om jou tiener se klokreël te probeer onderhandel as julle laat is vir skool nie. 'Daar is 'n plek en 'n tyd vir alles. Ouers moet konsekwent wees en moet nie gedwing word om impulsiewe besluite te neem nie,' sê Dr. Birgit.

Leer om te luister.
Wanneer jy met jou kind onderhandel, moet jy aandagtig en geduldig luister. Verseker altyd dat jy eers luister. Dit sal hul sin van selfrespek verhoog. Bly ten volle gefokus en bied positiewe vaslegging. Jou kinders moet weet dat jy hul gevoelens werklik in ag wil neem. Dit sal die kind help om vir ander empatie te hê en om verdraagsaam te wees.

Wees bereid om te skik
' 'n Mens kan begin deur gemeenskaplikhede te bepaal,' sê Dr. Schlegel.'
As julle die punt bereik dat die kind weier om te skik, moet alle onderhandelinge gestaak word. Dit kind sal leer wat geregtigheid is. Daarom sal die kind selfrespek en vertroue verkry.

Stel ononderhandelbare grense.
Sommige goed is nie onderhandelbaar nie – soos gesinswaardes, veiligheid, ens. 'n Mens hoef nie altyd jou 'nee-'reaksie aan jou kind te verduidelik nie.

4.2.1 Wie het die volgende gesê: 'Ouers moet konsekwent wees.'? (2)

4.2.2 Hoe laat dit 'n kind voel om keuses te kry? (2)

4.2.3 Waarom moet onderhandeling in 'n kalm omgewing plaasvind?

Antwoord in jou eie woorde in EEN sin. (2)

Kopiereg voorbehou

4.2.4 Ouers moet konsekwent wees. Waarom? (2)

4.2.5 Herskryf paragraaf DRIE in jou eie woorde. (5)

4.2.6 Wat, volgens Dr. Schlegel, leer die onderhandelingsproses vir kinders? Lys SEWE items. (7)
[40]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E

VRAAG 5

Skryf 'n kinderstorie vir kinders van 5 tot 6 jaar oud. Die sedeles moet wees dat 'n mens empatie moet hê vir kinders met gestremdhede. Die storie moet twee hoofkarakters hê. **[30]**

TOTAAL AFDELING E: 30

AFDELING F

VRAAG 6

Teken 'n breinkaart van die artikel, 'Hoe om met jou kind te onderhandel en te wen.' Jy wil die breinkaart gebruik om hierdie artikel aan die personeel by jou skool te verduidelik. Gebruik gerus van jou eie idees. **[20]**

TOTAAL AFDELING F: 20

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou